

# Viering

Van Die Lewe Van

## Leon Lubbe

14 Mar 1958 - 5 Jun 2026



# Skriflesing / Scripture

**Psalm 27: 3 - 5**

# Liedere / Hymms

### Hoe Groot Is God

Ek sien die veld, Die bosse, berge, vlaktes,
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom, en wind,
O Heer, U sorg, vir klein, vir groot, vir alles,
En U sorg dag, Na dag vir my U kind.

Dan moet ek juig,
My Redder en my God,
Hoe groot is U,
Hoe groot is U,
Want deur die hele skepping klink dit saam,
Hoe heerlik Heer,
U groote naam.

### O Lord My God

O Lord my God
When I in awesome wonder consider all,
The world the Hand hath made,
I see the starts,
I hear the rolling thunder,
The power throughout,
The universe displayed:

Then sings my soul,
My Saviour God to Thee,
How great Thou art!
How great Thou art!
Then sings my soul,
How great Thou art!
How great Thou art!



## *Annalie*

**Oudste**

Wanneer ek terugkyk na ons lewe saam, besef ek dat die grootste geskenk wat ek ooit ontvang het, was die leeftyd van liefde, toewyding en moed wat ons gedeel het. Ons het hierdie reis begin met jong harte, groot drome en 'n eenvoudige belofte—om aan mekaar vas te hou, maak nie saak wat die lewe oor ons pad bring nie. Deur elke vreugde en elke uitdaging, was jy my konstante steunpilaar. Dankie dat jy so 'n ongelooflike lewensmaat was deur al die op- en afdraandes van ons lewe. Jou liefde, krag, geduld en onwrikbare ondersteuning het ons deur storms gedra en ook elke sonskyngevulde dag saam met my 'n fees gemaak.

Elke grys haar en elke sagte plooi vertel 'n verhaal van die mooi lewe wat ons saam opgebou het. Dit herinner my aan die lag wat ons gedeel het, die trane wat ons afgedroog het, die lesse wat ons geleer het, al die KANSE wat ons geneem het en die ontelbare herinneringe wat ons langs mekaar gebou het.

Maak nie saak waarheen die lewe my neem nie, my hart sal altyd na joune soek, want jy was my tuiste—die plek waar ek die veiligste, gelukkigste en mees geliefd voel het.

Oor die jare het ek geleer dat liefde nie gemeet word aan die aantal dae, maande of jare wat ons saam was nie. Ware liefde is om mekaar te kies, dag na dag, en jaar na jaar. Dit is om saam te staan deur elke seisoen van die lewe en mekaar nooit as vanselfsprekend te aanvaar nie. Wat dit beteken is om mekaar vir altyd lief te hê, te ondersteun en te koester.

Dankie dat jy my beste vriend, my lewensmaat, my grootste seën en my tuiste was.

# Camille

My Father was truly one of the most remarkable men I have ever known. I will always remember his calm demeanour, silly jokes, and the way he would peer over his glasses with one eyebrow raised - affectionately known as the 'Lubbe Look'.

My dad was truly my hero.

# Zavannah-Belle


Oupa, Ek dink jy gaan lekker bly in die jummel.♥

- Ek mis jou oupa.♥
- jy is mooi Oupa.♥
- Amal mis jou oupa.
- Amal is lief vir jou Oupa.

Van Zavannah♥



# Karima

Liewe Oooom,
Dit is moeilik om die woorde te vind om totsiens te sê. Jy was so 'n belangrike deel van my lewe, en ek sal altyd dankbaar wees vir die liefde, leiding en goedhartigheid wat jy met my gedeel het.

Dankie vir elke herinnering, elke lag en elke oomblik van ondersteuning. Jy het 'n besondere manier gehad om mense geliefd, waardevol en welkom te laat voel, en ek was so bevoorreg om jou in my lewe te hê.

Dankie dat jy so 'n ongelooflike Oupa vir Layne was. Ek is so dankbaar dat jy hom leer ken het en hom so lief gehad het. Dankie dat jy Chris ten volle aanvaar het as jou skoonseun. Die band wat jy met hulle gehad het, sal ons altyd koester.

Al is my hart swaar, vind ek troos daarin om te weet hoe diep jy deur soveel mense liefgehê is. Jou nalatenskap leef voort in die lewens wat jy aangeraak het, die lesse wat jy geleer het en die liefde wat jy so vrylik gegee het.

Ons sal jou meer mis as wat woorde kan beskryf, maar ons sal jou altyd met liefde onthou en in ons harte saamdra.

Met al ons liefde,
Jou ander dogter, Karima, Chris en Layne

# Tyrone

Pa was nie 'n man van baie woorde nie, maar hy het ons deur sy voorbeeld geleer. Deur harde werk, deursettingsvermoë, en sy geloof in wat moontlik is. Hy het sy liefde gewys deur sy dade en deur altyd daar te wees vir die mense vir wie hy omgegee het.

Dankie, Dad, vir die opofferings wat jy gemaak het, die lesse wat jy ons geleer het, die geleenthede wat jy geskep het, en al die memories wat ons saam gemaak het. Ek sal jou raad, jou stories en jou teenwoordigheid diep mis, en om net die foon op te tel en met jou te praat.

A great man is not remembered for the day he left us, but for the countless days he was there for us. Thank you, Dad, for a life well lived, a family well loved, and memories that will remain with us forever.

# Dankie / Thank You

Ons waardeer u liefde, ondersteuning en gebede gedurende hierdie moeilike tyd.
Dankie dat u hierdie reis saam met ons stap.

We appreciate your love, support, and prayers during this difficult time.
Thank you for walking this journey with us.

- Lubbe Familie -



Pa het 'n besondere plek in die harte van baie mense gehad, en elke herinnering help om sy verhaal lewend te hou. Skandeer asseblief die QR-kode om u herinneringe, stories, boodskappe en foto's met ons te deel. Dit sal vir ons familie 'n kosbare versameling wees om te koester vir die jare wat kom.

Dad held a special place in the hearts of many, and every memory helps keep his story alive. Please scan the QR code to share your memories, stories, messages, and photos with us. They will become a treasured collection for our family to cherish for years to come.

## Kisdraers / Pallbearers

**Na binne deur Kollega's / Processional by Colleagues**

- Kenny Peterson
- Elsabé Krauze
- George Ingram
- Gerrit Fouché
- Shane Canning
- Louw Snyman

**Na buite deur Familie / Recessional by Family**

- Annalie Lubbe (Gade)
- Camille Lubbe (Dogter)
- Karima Booth (Dogter)
- Tyrone Lubbe (Seun)
- Jean-Pierre Barnard (Skoonseun)
- Rupert Lubbe (Broer)
- Zavannah-Belle Lubbe (Kleindogter)

# Onthou my...

Moenie my met hartseer onthou nie,
Moenie my met trane onthou nie,
Onthou al die lag,
Wat ons deur die jare gedeel het.

Nou is ek tevrede,
Dat my lewe die moeite werd was,
Omdat ek weet dat terwyl ek my
pad gestap het.

Ek iemand laat glimlag het.
Wanneer jy in die straat stap,
En jy aan my dink,
Stap ek in jou voetspore,
Net 'n halwe tree agter jou.

Moet dus asseblief nie ongelukkig
wees nie,
Net omdat ek buite sig is,
Onthou dat ek by jou is,
Elke oggend, middag en nag.

# Remember me...

Do not remember me with sadness,
Do not remember me with tears,
Remember all the laughter,
That we shared throughout the years.

Now I am at peace,
Knowing that my life was worthwhile,
For as I walked my path,
I brought a smile to someone's face.

When you are walking down the street,
And you are thinking of me,
I am walking in your footsteps,
Only half a step behind.

So please do not be unhappy,
Just because I am out of sight,
Remember that I am with you,
Every morning, afternoon, and night.



Die gedenkdiens word waargeneem deur Ds. Fanus Hansen van uit NG Gemeente Potchefstroom Oos op Maandag, 15 Junie 2026. Dienslewering deur AVBOB Beperk.

The memorial service officiated by Rev. Fanus Hansen from the Dutch Reformed Church Potchefstroom East on Monday, 15 July 2026. Services provided by AVBOB Limited.